education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## VERBRUIKERSTUDIES

## FEBRUARIE/MAART 2009

**PUNTE: 200**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye en 1 antwoordblad.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VYF afdelings, naamlik:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Kortvrae | (40) |
| AFDELING B: | Voedsel en voeding | (40) |
| AFDELING C: | Kleding | (40) |
| AFDELING D: | Behuising en meublement | (40) |
| AFDELING E: | Teorie | (40) |

2. AL die AFDELINGS is VERPLIGTEND.

3. Beantwoord AFDELING A op die ANTWOORDBLAD wat voorsien is en plaas dit AGTER in die ANTWOORDEBOEK.

4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.

6. 'n Sakrekenaar mag gebruik word.

7. Skryf slegs in swart of blou ink.

8. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: KORTVRAE

### VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en maak 'n kruisie (X) in die blokkie (A – D) langs die vraagnommer (1.1.1 – 1.1.16) op die ANTWOORDBLAD wat voorsien is. GEEN punte sal toegeken word as meer as een kruisie (X) vir 'n antwoord verskyn nie.

1.1.1 Instrumente wat deur eienaars van besighede gebruik word om finansies te beheer en winsgewendheid te verseker:

A Prysverhogingsplan en marknavorsing
B Marknavorsing en kontantbegroting
C Prysstrukture en begroting
D Vloeikaart en pryslyste (2)

1.1.2 Watter organisasie streef daarna om bewustheid van verbruikersregte, verantwoordelikhede en bedingingsvermoëns deur opvoeding, informasie en promosie op te bou?

A Nasionale Verbruikersforum
B Advertensiestandaarde-owerheid
C Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie
D Suid-Afrikaanse Nasionale Verbruikersunie (2)

1.1.3 Kies uit die onderstaande lys 'n voordeel om jou eie huis te bou:

A Die boulening maak voorsiening vir onvoorsiene stygende koste.
B Inflasie kan tot die verlaging van koste bydra.
C Die boulening stipuleer 'n spesifieke tydperk vir voltooiing.
D Aanpassing van die ontwerp om individuele behoeftes te bevredig waarborg 'n wins wanneer dit herverkoop word. (2)

1.1.4 'n Belangrike rol van 'n eiendomsagent is om …

A 'n skakel tussen die koper en verkoper te wees.
B te help met die oplos van konflik.
C grond vir eiendomsontwikkeling te bestuur.
D onderhoud-ondersteuningsdienste aan huiseienaars te verskaf. (2)

1.1.5 Oordragkoste (hereregte) is 'n staatsbelasting wat gehef word …

A op eiendom as eienaarskap oorgedra word.
B op werknemers wat van een werk na 'n ander oorgeplaas word.
C op meubeloordrag-maatskappye.
D as 'n huurooreenkoms van een huurder na 'n ander oorgedra word. (2)

Kopiereg voorbehou 
EASTERN CAPE

1.1.6 Sommige voedsel het 'n etiket met terme soos *laevet, lae cholesterol, min natrium* en '*lite*' op. Hierdie etikette …

A bevat misleidende inligting.
B moedig verbruikers aan om gesonde voedsel te koop.
C skep 'n vals sekuriteitsgevoel by verbruikers.
D Geeneen van die bogenoemde nie. (2)

1.1.7 'n Hoë vlak van bloedcholesterol kan verlaag word deur die volgende voedsel te eet:

A Skaaplewer, geblikte appels, ertjies
B Graanvlokkies, waatlemoen, snyboontjies
C Karringmelkbeskuit, perskes, groenboontjies
D Hawermoutpap, avokadopere, lensies (2)

1.1.8 'n Jong volwassene met 'n gluten-intoleransie sal allergies wees vir …


A 'n grondboontjiebottersnoepstafie
B kerrieboontjieslaai
C brood-en-botterpoeding
D 'n vanieljemelkskommel (2)

1.1.9 Dit is baie belangrik dat jong volwassenes genoeg … inneem om osteoporose in die latere lewe te verhoed.

A droëvrugte en neute
B laevetmelk en laevetjoghurt
C suikerbedekte graankosse en roosterbrood
D vrugteslaaie en rou groentes (2)

1.1.10 Die logo wat op herwinbare goedere gevind word, is …

A 


B 


C 


D 


(2)

1.1.11 Susan verkies klere wat van pragtige kleedstof gemaak en goed ontwerp is. Haar keuse weerspieël 'n … waarde.

A sosiale
B estetiese
C ekonomiese
D godsdienstige (2)

1.1.12 Die styl hieronder illustreer 'n …



A informele ontwerp.
B klassieke ontwerp.
C modegier.
D hoogmode. (2)

1.1.13 'n Modeleier is 'n persoon wat …

A slegs ingevoerde modes dra.
B die vertroue het om nuwe modestyle te dra.
C nie modegiere dra nie.
D plaaslike modestyle verwerp. (2)

1.1.14 'n Aanknipdas is 'n bykomstigheid wat vir 'n … geskik is.

A persoonlike fiksheidsinstrukteur
B wildbewaarder
C mediese assistent
D fisies gestremde persoon (2)

1.1.15 Die basiese voorwaardes in die Wet op Basiese Diensvoorwaardes (Wet nr. 75 van 1997) is ontwerp om … te bevoordeel en te beskerm.

A onbetaalde vrywilligers
B werknemers wat minder as R100 000 per jaar verdien
C werknemers wat R120 000 per jaar verdien
D senior bestuurders (2)

1.1.16 'n Produk wat hierdie jaar R185,99 kos, sal in 2009 … kos teen 'n inflasiekoers van 5%.

A R195,29
B R196,99
C R209,29
D R209,99 (2)

1.2 Kies die tipes belasting uit KOLOM B om by die belastingbeskrywings in KOLOM A te pas. Kies die antwoord en maak 'n kruisie (X) in die blokkie (A – F) langs die vraagnommer (1.2.1 – 1.2.4) op die ANTWOORDBLAD wat voorsien is. GEEN punte sal toegeken word as meer as een kruisie (X) vir 'n antwoord verskyn nie.

| **KOLOM A (BELASTINGBESKRYWINGS)** | | **KOLOM B (TIPES BELASTING)** | |
|---|---|---|---|
| 1.2.1 | Die belasting wat van 'n werknemer se salaris afgetrek word | A | SIBW (SITE) |
| | | B | BTW |
| 1.2.2 | Die belasting wat na 'n persoon se dood betaal word | C | aksynsreg |
| | | D | inkomstebelasting |
| 1.2.3 | Die belasting wat gehef word op alle goedere en dienste wat in die land ingebring word | E | invoerbelasting |
| | | F | boedelbelasting |
| 1.2.4 | Die belasting wat op alle verbruikersaankope betaal word | | |

(4 x 1) (4)

1.3 Kies die stadia van die modesiklus uit KOLOM B om by die stellings in KOLOM A te pas. Kies die antwoord en maak 'n kruisie (X) in die blokkie (A – F) langs die vraagnommer (1.3.1 – 1.3.4) op die ANTWOORDBLAD wat voorsien is. GEEN punte sal toegeken word as meer as een kruisie (X) vir 'n antwoord verskyn nie.

| **KOLOM A (STELLINGS)** | | **KOLOM B (STADIA VAN DIE MODESIKLUS)** | |
|---|---|---|---|
| 1.3.1 | 'n Televisie-aanbieder is die eerste persoon om 'n nuwe styl te dra. | A | volwassenheid |
| | | B | groei |
| 1.3.2 | Sommige jong volwassenes koop klere wanneer die pryse afgemerk is. | C | innovasie |
| | | D | afname |
| 1.3.3 | Jong volwassenes volg die TV-aanbieders na en dra hulle style. | E | ouderwets |
| | | F | gier |
| 1.3.4 | Baie jong volwassenes dra die nuwe style wat te koop is. | | |

(4 x 1) (4)

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B: VOEDSEL EN VOEDING

### VRAAG 2

2.1 Gesette persone is dikwels onaktief en het 'n hoër risiko van gesondheidsprobleme.

2.1.1 Noem VIER moontlike oorsake van vetsug. (4)

2.1.2 Noem TWEE hartverwante gesondheidsrisiko's wat as gevolg van vetsug mag ontstaan. (2)

2.2 Verduidelik hoe elk van die volgende kan bydra om diabetes mellitus te bestuur:

2.2.1 Koolhidrate (2)

2.2.2 Vesel (2)

2.2.3 Gereelde maaltye (2)

2.3 'n Jong volwassene is allergies vir grondbone.

2.3.1 Verduidelik waarom sommige jong volwassenes meer vatbaar vir grondboontjies is as ander. (2)

2.3.2 Stel VIER voorsorgmaatreëls voor wat jong volwassenes moet neem om hul allergie vir grondbone te bestuur. (4)

2.4 Identifiseer uit die lys van bestanddele wat op 'n kougomomhulsel voorkom, TWEE additiewe wat skadelik vir menslike gesondheid kan wees:

| |
|---|
| gombasis; Arabiese gom; glasuringsagent – kalsiumkarbonaat; aspartaam; lesitien; fenielalamien |

(2)

2.5 Gee DRIE redes waarom voedsel ryk aan antioksidante in die dieet van 'n MIV-positiewe pasiënt ingesluit moet word. (6)

2.6 Lees onderstaande scenario en beantwoord die vrae wat volg.

| |
|---|
| Sam is die hoof uitvoerende beampte van 'n groot maatskappy. As gevolg van sy besige skedule eet hy baie klaargaarmaaltye wat uit vleis en gebraaide voedsel bestaan. Hy voeg altyd meer sout by sy kos, drink uitermatig baie alkohol en oefen nie gereeld nie. Gevolglik ly hy aan hoë bloeddruk. |

2.6.1 Beskryf wat *hoë bloeddruk* is. (2)

2.6.2 Verduidelik die oorsake van Sam se gesondheidstoestand. (4)

2.6.3 Stel voor en verduidelik VIER dieetaanpassings wat Sam kan maak om die risiko van hoë bloeddruk te verminder. (8)

**TOTAAL AFDELING B: 40**

## AFDELING C: KLEDING

### VRAAG 3

3.1 Maak 'n lys van VYF boodskappe wat oorgedra word deur die klere wat jong volwassenes dra. (5)

3.2 Identifiseer VIER eienskappe van klere wat gemaklik sal wees vir 'n rolstoel-afhanklike persoon wat in 'n oproepkantoor werk. (8)


3.3 Verduidelik hoe die onderstaande faktore die beskikbaarheid van die Suid-Afrikaanse Somer 2009-modeneigings kan bespoedig.

3.3.1 Verhoogde mobiliteit (3)

3.3.2 Verspreidingsmetodes (3)

3.3.3 Kommunikasie (3)

3.4 Motiveer die geskiktheid van dié jong volwassene se klere vir sy werksomgewing. Hy werk by die navraagtoonbank van 'n selfoonwinkel.



(5)

3.5 Jong volwassenes pas dikwels aan by die kledingstyle wat deur hulle portuurgroep vasgestel word. Staaf jou opinie van hierdie stelling met grondige redes. (5)

3.6 Stel strategieë voor om die impak van klere-invoere op die plaaslike kleding-bedryf aan te spreek. (8)

**TOTAAL AFDELING C: 40**

## AFDELING D: BEHUISING EN MEUBLEMENT

### VRAAG 4

4.1 Noem VIER uitgawes wat Suid-Afrikaanse huiseienaars maandeliks moet betaal. (4)

4.2 Verduidelik die volgende wat betrekking het op huiseienaarskap:

4.2.1 Eiendomsbelasting (2)

4.2.2 Verbandregistrasie (2)

4.2.3 Versekering (2)

4.3 Toe die Jones-gesin uit die woonstel wat hulle gehuur het, gesit is, het hulle besluit om 'n hofsaak te begin. Die landdros het die huurooreenkoms benodig om met die saak voort te gaan.

4.3.1 Verduidelik wat 'n *huurooreenkoms* is. (2)

4.3.2 Beveel DRIE redes aan waarom die Jones-gesin die kontrak deeglik moes gelees het voordat hulle dit geteken het. (6)

4.4 Dit kan spanningsvol en tydrowend wees om 'n huis te koop en die verbandakte te registreer.

4.4.1 Verduidelik wat 'n *verbandakte* is. (2)

4.4.2 Noem die vereistes om 'n verbandlening van die bank te verkry. (4)

4.5 Kredietopsies kan problematies vir verbruikers wees.

4.5.1 Vergelyk die onderstaande twee advertensies om te bepaal watter toestel die beste kredietopsie aan 'n oordeelkundige verbruiker sal bied.



KONTANT

**R2 999**

DEPOSITO R300 TERMYN 24 MAANDE

MAANDELIKSE PAAIEMENT R199,59 FINALE PAAIEMENT R152,77

JAARLIKSE RENTEKOERS: 28%

TOTAAL TERUGBETAALBAAR: R4 300,65

**DEFY**

**4 SOLIEDE PLATE**

* Bak- en roosterfunksie
* Laer hitte-instelling
* 2 verchroomde oondrakke
* Lou-oond
* Oondlig vir goeie visie
* 24-maande-waarborg

Ook beskikbaar in swart

R2 999 * Beskikbaar op krediet

**DEFY**

**4-BRANDER-GASSTOOF**




- 4-brander-kookoppervlak
- Vlekvryestaalstoofblad
- Getemperde glasdeksel
- Gasoond
- 67ℓ oondkapasiteit
- Temperatuurstrek 160 °C tot 280 °C
- Volledige glasoonddeur

**R 2 499,95**

**R156,00** X 30

Deposito R250,00

*Kredietprys R4 663,00

Rentekoers 26% p.a.

**GOEIE KOOP**

(8)

4.5.2 Bespreek die impak van die gebruik van gas in 'n huishouding op die omgewing. (3)

4.6 Stel VYF innoverende metodes voor om waterverbruik te verminder wanneer huishoudelike toestelle gebruik word. (5)

**TOTAAL AFDELING D: 40**

**AFDELING E: TEORIE VAN DIE PRODUKSIE EN BEMARKING VAN VOEDSEL, KLEDING EN SAGTE MEUBLEMENT**

**VRAAG 5**

5.1 Verduidelik hoe gehaltebeheer tydens die volgende DRIE stadia van produksie van voedsel, kleding en sagte meublement van hoë gehalte geïmplementeer kan word:

5.1.1 Insette (3)

5.1.2 Proses (3)

5.1.3 Uitsette (3)

5.2 Stel voor hoe 'n entrepreneur verpakking kan gebruik om verbruikers se koopgedrag te beïnvloed. (5)

5.3 Verduidelik, met behulp van voorbeelde, waarom dit noodsaaklik is dat werknemers die arbeidswette moet verstaan. (6)

5.4 Noem en verduidelik die kriteria wat vereis word vir die opstel van 'n besigheidsplan. (10)

5.5 Bespreek hoe die interaksie van hulpmiddels, arbeid, kapitaal en entrepreneurskap tot die produksie van bemarkbare produkte van hoë gehalte bydra. (10)

**TOTAAL AFDELING E: 40**

**GROOTTOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou

**ANTWOORDBLAD**

**AFDELING A**

| **EKSAMENNOMMER** | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|

| **SENTRUMNOMMER** | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|

| **VRAAG 1.1** | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1.1.1 | A | B | C | D | (2) | |
| 1.1.2 | A | B | C | D | (2) | |
| 1.1.3 | A | B | C | D | (2) | |
| 1.1.4 | A | B | C | D | (2) | |
| 1.1.5 | A | B | C | D | (2) | |
| 1.1.6 | A | B | C | D | (2) | |
| 1.1.7 | A | B | C | D | (2) | |
| 1.1.8 | A | B | C | D | (2) | |
| 1.1.9 | A | B | C | D | (2) | |
| 1.1.10 | A | B | C | D | (2) | |
| 1.1.11 | A | B | C | D | (2) | |
| 1.1.12 | A | B | C | D | (2) | |
| 1.1.13 | A | B | C | D | (2) | |
| 1.1.14 | A | B | C | D | (2) | |
| 1.1.15 | A | B | C | D | (2) | |
| 1.1.16 | A | B | C | D | (2) | |
| | | | | (16 x 2) | (32) | |

| **VRAAG 1.2** | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1.2.1 | A | B | C | D | E | F | (1) | |
| 1.2.2 | A | B | C | D | E | F | (1) | |
| 1.2.3 | A | B | C | D | E | F | (1) | |
| 1.2.4 | A | B | C | D | E | F | (1) | |
| | | | | | | (4 x 1) | (4) | |

| **VRAAG 1.3** | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1.3.1 | A | B | C | D | E | F | (1) | |
| 1.3.2 | A | B | C | D | E | F | (1) | |
| 1.3.3 | A | B | C | D | E | F | (1) | |
| 1.3.4 | A | B | C | D | E | F | (1) | |
| | | | | | | (4 x 1) | (4) | |

**TOTAAL AFDELING A: 40**

Kopiereg voorbehou